VERDUIDELIKENDE MEMORANDUM

1. DOEL

Die Begrotingswetsontwerp, 2018 reguleer die bewilliging van geld vir die behoeftes van die Provinsie ten opsigte van die finansiële jaar 1 April 2018 tot 31 Maart 2019.

Die memorandum beklemtoon begrotingsinkomste wat na verwagting ontvang sal word vir elke jaar van die 2018 Mediumtermyn-bestedingsraamwerk ("MTBR") tydperk asook die uitgawes wat deur die Provinsie aangegaan sal word.

2. OPSOMMING

Die 2018 MTBR-begroting sluit in die bedrae reeds vervat in die basislyn van die Departemente, asook nuwe toekennings en geherprioritiseerde fondse. Hierdie toekennings sluit in nasionale toekennings in verband met voorwaardelike toelae, beleidaanpassings, befondsing van nasionaal ooreengekome prioriteite en befondsing van die provinsiale eie bron van inkomste.

Die totale begroting van uitgawes vir die Provinsie vir die 2018/19 finansiële jaar beloop **R34.877 miljard**. Dit maak voorsiening vir die befondsing wat geïdentifiseer is in die Nasionale Ontwikkelingsplan, die 2014-2019 Mediumtermyn Strategiese Raamwerk (MTSR), Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring (MTBBV) en die 2018 MTBR.

Die Vrystaatse Provinsiale Regering se geprojekteerde inkomste vir die 2018/19 finansiële jaar is **R34.893 miljard**, wat bestaan uit billike deel oordragte van **R26.178 miljard**, voorwaardelike toelaes van **R7.561 miljard** en die provinsie se eie inkomste geprojekteer ten bedrae van **R1.153 miljard**.

TABEL 1: NETTO PROVINSIALE POSISIE

R' 000	2018/19	2019/20	2020/21
Totale Inkomste	34 892 699	36 812 297	39 474 410
Totale Toegewysde Uitgawe	34 877 227	36 743 633	39 337 317
Netto Surplus (Aansporing befondsing)	**15 472**	**68 664**	**137 093**

3. DOEL VAN TOEKENNINGS

Die totale provinsiale begroting beloop **R34.877 miljard** vir die 2018/19 finansiële jaar, soos aangedui in Tabel 2 hieronder.

Die doel van die toekennings, is om voorsiening te maak vir en om die implementering van die provinsiale regering se program moontlik te maak met spesifieke klem op die volgende:

- *Die gehalte van onderwys te versterk* deur toegang tot opvoedkundige geleenthede te verbeter;

*getalle in die Wetsontwerp en Memorandum geïdentifiseer met R' 000 asook met die woorde duisend, miljoen of miljard is afgerond.

- *Die voorsiening vir gesondheidsorg te verbeter*, veral vir armes, en om baba, kind en moeder sterfte syfers te verlaag;
- *Die vlakke van misdaad te verminder en burgerveiligheid te versterk* is een van die provinsiale regering se prioriteite waardeur dit van voorneme is om die getal van polisiëringspersoneel te verhoog wat spesialiseer in verskeie belangrike gebiede van misdaadvoorkoming;
- *Om volhoubare groei te skep deur die handhawing van hoë vlakke van openbare belegging in infrastruktuur te versterk en verskeie* infrastrukture en imperatiewe van die provinsiale regering te verbeter, is ook een van die prioriteite. Die infrastrukture wat verband hou met beleggінginisiatiewe is die Skoolkoshuise, Paaie Konstruksie Program en meer;
- *Om die Provinsie se openbare sektor werksgeleentheidprogramme te versterk* deur werksgeleenthede te verhoog in areas waar daar 'n duidelike behoefte is, veral in die polisie, onderwys en gesondheidsektore;
- *Implementering van die Uitgebreide Openbare Werke-program* ("UOWP") in gebiede soos gesondheidsdienste, konstruksie, instandhouding en omgewings-beskermingsprojekte;
- *Sosiale ingrypings op te gradeer* om werkuitdagings aan te spreek en sosiale beskerming te verseker.

TABEL 2: OPSOMMING VAN VOORGESTELDE TOEWYSING AAN DEPARTEMENTE

R'000	2018/19
	Begrotingstoewysing
Premier	611 279
Vrystaat Wetgewer	253 118
Ekonomiese, Klein Sake Ontwikkeling, Toerisme en Omgewingsake	631 931
Vrystaat Provinsiale Tesourie	347 832
Gesondheid	10 403 313
Onderwys	13 579 224
Maatskaplike Ontwikkeling	1 266 057
Samewerkende Regering en Tradisionele Sake	443 329
Openbare Werke en Infrastruktuur	1 635 268
Polisie, Paaie en Vervoer	2 776 609
Landbou en Landelike Ontwikkeling	810 479
Sport, Kuns, Kultuur en Ontspanning	727 010
Menslike Nedersettings	1 391 778
Totaal	**34 877 227**

4. BESPREKING

4.1 Provinsiale Fiskale Koevert

'n Opsomming van die totale provinsiale inkomste koevert is in Tabel 3 hieronder vervat en weerspieël die totale inkomste van **R34.893 miljard**, **R36.812 miljard** en **R39.474 miljard** vir die finansiële jare 2018/19, 2019/20 en 2020/21 onderskeidelik.

*getalle in die Wetsontwerp en Memorandum geïdentifiseer met R' 000 asook met die woorde duisend, miljoen of miljard is afgerond.

TABEL 3: PROVINSIALE INKOMSTE KOEVERT

R'000	2018/19	2019/20	2020/21
Billike Deel	26 178 043	28 071 076	30 108 091
Voorwaardelike Toelaes	7 561 321	7 528 532	8 088 904
Totale Oordrag van Nasionaal	**33 739 364**	**35 599 608**	**38 196 995**
Eie Inkomste	1 153 335	1 212 689	1 277 415
Totale Inkomste	**34 892 699**	**36 812 297**	**39 474 410**

4.2.1 Maatskaplike Sektor Toekennings

(a) Gesondheid

Die Departement van Gesondheid is 'n bedrag van **R10.403 miljard** in 2018/19, **R11.079 miljard** in 2019/20 en **R11.847 miljard** in 2020/21 toegeken. Die toekenning van die Departement dek, onder andere, die volgende gesondheidsorgprioriteite oor die 2018 MTBR:

- Medisyne, Mediese Voorraad insluitende Droë Apteek en Mediese Afval
- Laboratoriumdienste: (NHLS) en Bloedvoorraad en -Dienste
- Voedseldienste en Relevante Voorraad
- Infrastruktuur en Nie-Infrastruktuurinstandhouding
- Kinderentstowwe
- ARVs
- Mediese Depot

(b) Onderwys

Die Departement van Onderwys is 'n bedrag van **R13.579 miljard** in 2018/19, **R14.393 miljard** in 2019/21 en **R15.649 miljard** in 2020/21 toegeken. Die befondsing aan hierdie Departement spreek, onder andere, die volgende sektor prioriteite oor die 2018 MTBR aan:

- Norme en standaarde vir skoolbefondsing
- Leerder- en onderrigondersteuningsmateriaal
- Onderwysbestuursinligtingstelsel (EMIS)
- Uitbreiding van Graad R
- Koshuisondersteuning
- Matriekondersteuningsprogram
- Pre-Graad R opleiding
- Kwytskelding van skoolgelde
- Skoolverbinding

(c) Maatskaplike Ontwikkeling

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is 'n bedrag van **R1.266 miljard** in 2018/19, **R1.321 miljard** in 2019/20 en **R1.385 miljard** in 2020/21 toegeken. Die volgende prioriteite, onder andere, word befonds:

- Vroeë Kinderontwikkeling (VKO) en Gedeeltelike Sorg

*getalle in die Wetsontwerp en Memorandum geïdentifiseer met R' 000 asook met die woorde duisend, miljoen of miljard is afgerond.

- Kantoor van die Regte van Kinders
- Slagofferbemagtiging
- Geweld teen Vrouens en Kinders
- Dwelmmisbruikbehandelingstoelae
- Sanitêre doekies inisiatief
- NAWONGO hofuitspraak

4.2.2 Nie-Maatskaplike Sektor Toekennings

Toegekende befondsing vir die nie-maatskaplike sektor Departemente is soos volg:

(a) Departement van die Premier

Die Departement van die Premier ontvang **R611.279** miljoen in 2018/19, **R650.798 miljoen** in 2019/20 en **R687.028 miljoen** in 2019/20. Die befondsing maak hoofsaaklik voorsiening vir, onder meer, Gemeenskapsontwikkelingswerkers, Provinsiale Kommunikasie Strategie, FSTDI, Provinsiale Beurse en oordrag van funksies (vanaf Provinsiale Tesourie en Polisie, Paaie en Vervoer).

(b) Vrystaatse Provinsiale Wetgewer

Die Vrystaatse Wetgewer is 'n bedrag van **R253.118 miljoen** in 2018/19; **R261.142 miljoen** in 2019/20 en **R275.521 miljoen** in 2020/21 toegeken. Hierdie toekennings sal voorsiening maak vir onder andere, politieke befondsing en openbare deelname.

(c) Ekonomiese, Klein Sake Ontwikkeling, Toerisme en Omgewingsake

'n Bedrag van **R631.931 miljoen** is toegeken vir 2018/19, **R632.942 miljoen** vir 2019/20 en **R675.859 miljoen** vir 2020/21. Die toekenning maak voorsiening, onder andere, vir die volgende:

- Omgewingsprogramme
- Radikale ekonomiese transformasie
- Afvalbestuur
- Bestuur van Beskermde Gebiede
- Transformasie van die Wildindustrie (Opleiding van wildsboere)
- Ondersteun afvalprogramme
- Vernuwing van Oorde
- Buitelandse beleggings
- Ondersteuning aan KMMO's en Koöperatiewe
- Skep en Ondersteuning van Swart Industrialiste
- Vernuwing van die Tekstielindustrie
- Vlooimarkte

*getalle in die Wetsontwerp en Memorandum geïdentifiseer met R' 000 asook met die woorde duisend, miljoen of miljard is afgerond.

(d) Vrystaat Provinsiale Tesourie

Provinsiale Tesourie is **R347.832 miljoen** in 2018/19; **R343.926 miljoen** in 2019/20 en **R351.622 miljoen** in 2020/21 toegeken. Die toekenning aan hierdie Departement sal, onder andere, die volgende prioriteite dek, Staat Inligtingstegnologie-agentskap (SITA), finansiële ingryping en munisipale ondersteuningsprogram.

(e) Samewerkende Regering en Tradisionele Sake

Die toekenning vir hierdie Departement beloop **R443.829 miljoen** in 2018/19, **R469.691 miljoen** in 2019/20 en **R492.384 miljoen** in 2020/21. Die voorgestelde begroting beoog om die prioriteite aan te spreek, onder andere, Operasie Skoonouditprogram, munisipale ondersteuningsprogram en bystand aan waterlaboratoriums vir munisipaliteite.

(f) Openbare Werke en Infrastruktuur

Die Departement van Openbare Werke en Infrastruktuur is ‘n bedrag van **R1.635 miljard** in 2018/19, **R1.769 miljard** in 2019/20 en **R1.860 miljard** in 2020/21 toegeken. Die toekenning spreek sommige van die hooffunksies van die Departement aan soos eiendomsbetalings, munisipale dienste asook eiendomsheffing en -belasting. Die begroting maak ook voorsiening vir belegging in infrastruktuur.

(g) Polisie, Paaie en Vervoer

Die toekenning vir die Departement van Polisie, Paaie en Vervoer beloop **R2.777 miljard** in 2018/19, **R2.794 miljard** in 2019/20 en **R2.933 miljard** in 2020/21. Die toekenning befonds hoofsaaklik belegging in infrastruktuur en ondersteuning aan openbare vervoeroperasies. Bo en behalwe dit, voorsien die begroting ook vir leerdervervoerprogram, installering van biometriese en kringtelevisie kameras asook koste verwant aan inkomsteverhaling (SAPO en Kontant-in-Transito).

(h) Landbou en Landelike Ontwikkeling

Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling ontvang **R810.479 miljoen** in 2018/19, **R836.338 miljoen** in 2019/20 en **R885.053 miljoen** in 2020/21. Die begroting maak voorsiening vir LandCare program, ondersteuning en opleiding van boere, veeartseny-dienste, Mohoma Mobung programme, belegging in infrastruktuur en implementering van landbouprojekte.

(i) Sport, Kuns, Kultuur en Ontspanning

Die department ontvang ‘n totale toekenning van **R727.010 miljoen** in 2018/19, **R740.399 miljoen** in 2019/20 en **R751.818 miljoen** in 2020/21. Die begroting maak voorsiening, onder andere, vir infrastruktuurontwikkeling, kuns en kultuur, UOWP projekte, kunstenaars, fotograwe en gemeenskapsradiostasies.

*getalle in die Wetsontwerp en Memorandum geïdentifiseer met R’ 000 asook met die woorde duisend, miljoen of miljard is afgerond.

(j) Menslike Nedersettings

Die Departement van Menslike Nedersettings ontvang ‘n toekenning van **R1.392 miljard** in 2018/19, **R1.452 miljard** in 2019/20 en **R1.543 miljard** in 2020/21. Die toekenning bestaan hoofsaaklik uit voorwaardelike toelae en voorsien dus vir menslike nedersettingsbehoeftes, titel akte vernuwing en UOWP. Bo en behalwe die nasionale toekennings, maak die begroting ook voorsiening vir die sloping en konstruksie van twee vertrekhuise.

*getalle in die Wetsontwerp en Memorandum geïdentifiseer met R’ 000 asook met die woorde duisend, miljoen of miljard is afgerond.